Die doop word vanmore bedien aan Bjorn, die baba van Tiaan en Marietjie Knoetze. Baie geluk aan julle en ook aan oupa en ouma Hannes en Carina Coetzee. Ons is saam met julle dankbaar.

Tema: In Christus ontvang jou kinders die volle en ware lewe, lei hulle na Hom toe.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 292: 1, 2
Lied 287: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs) en vers 4 (ouers vir kinders)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 12–3: 1, 2
Votum
Seën;
Loflied Ps. 89-1: 1, 2, 6
Geloofsbelydenis insake die doop: HK Sondag 26 vr. 69 en 70

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: dele uit Deut.6
Sing Ps. 119-2: 1, 2
Gebed

Sakramentsbediening
Doopformulier
Doopbediening
Sing na die doop: Sb 16-1: 1, 2, 7

Woorddiens
Skriflesing: Spreuke 4 en 1 Konings 2: 1 - 4
Teks: Spreuke 4: 1 – 4, 11
Sing Ps. 19-3: 3 (Kinders na kleuterbediening)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps. 128-1: 1, 3
Seën
Amen Sb13-3.

Geliefde brs. en srs

Ek is seker daarvan dat elkeen van ons wat kinders het, baie lief vir hulle is. Ek glo bv. dat julle as ouers vanoggend gesorg het dat die kinders ontbyt kry en julle het dalk reeds beplan wat julle vanmiddag gaan eet sodat u kinders liggaamlik versorg en gevoed kan wees. Maar die vraag wat die Here vanoggend aan ons as ouers vra is: Het jy al vandag vir jou kind **geestelike voedsel** gegee? Versorg jy ook jou kind se geestelike honger en gesondheid?

Is ons net so daarop ingestel om ons kinders **se geestelike wonde te versorg soos wat ons daarop ingestel is om hulle liggaamlike wonde te versorg?** As ŉ kind ŉ arm breek of sy kop oopval, dan jaag ons dokter toe sodat die wonde versorg kan word. Die probleem is net dit: geestelike wonde kan nie so maklik gesien word nie – en dikwels laat ons as ouers dit onversorg. Die wêreld waarin ons kinders grootword veroorsaak dikwels ook geestelike wonde wat ons nie as kinders geken het nie.

Jongmense vra vandag ander geloofsvrae as wat ons gevra het toe ons jonk was. Hulle word groot in ŉ wêreld waar die skeidslyn tussen geloof en ongeloof baie duideliker getrek word en hulle moet leer om hulleself in die geloof te kan handhaaf. Dit is nie meer vreemd om vir ŉ katkisasieklas te vra of hulle iemand ken wat nie in God glo en dat die kinders sal antwoord: ja, ons ken iemand wat nie in God glo nie!

Daarom vra jongmense vandag vrae soos:
Hoekom glo ons en hoe verduidelik ons dit aan mense wat nie glo nie?
Hoe oortuig ek iemand wat nie in God glo nie dat die Bybel God se Woord is?
Hoe weet jy as God met jou praat?
Kan iemand anders ŉ vloek op my uitspreek?
Wat doen jy as mense jou afkraak omdat jy in God glo of as vriende jou verwerp omdat jy ŉ Christen is?
Hoe onderskei ek tussen reg en verkeerd? Ek dink dalk iets is reg en dan is dit verkeerd in God se oë.
Kan ŉ mens weer op die regte pad kom as jy afgedwaal het?
Hoe weet jy of jy die situasie reg hanteer wanneer jy oor jou geloof gekonfronteer word of as iemand by jou hulp kom soek?
Is dit verkeerd as jy saam met vriende uithang wat nie in God glo nie, maar hulle weet dat jy ŉ gelowige is en respekteer dit, maar wil nie self Christene word nie?
Hoe weet ek of die Here tevrede is met my lewe en trots op my is?

Dit is van die vrae waarmee ons kinders vandag worstel. Het ons vir hulle antwoorde op hierdie vrae?

En daarom geliefde gemeente, ouers, brs en srs, sê God vanoggend vir ons: **Ons as ouers en as gemeente moet ons kinders die lewe leer – die ware lewe in en deur Jesus Christus ons Here**. Die tema is dan: **In Christus ontvang jou kinders die volle en ware lewe, lei hulle na Hom toe.**

Ons moet meer as net kennis aan hulle oordra – ons moet hulle "**lewenswysheid" leer**. Wysheid wat daarin bestaan dat jou kind die **kennis wat jy hom of haar leer, kan toepas in sy lewe. So kan toepas dat jou kind deur sy geloof in God homself of haarself kan handhaaf tussen ongelowiges en sonder om skaam of bang te wees voluit vir die Here te leef.**

Geliefde gemeente, ons **fokus vanoggend op ons ouers en kinders**, **maar die van julle wat nie kinders het nie, is net so betrokke by hierdie boodskap.** Want jy as gemeentelid het die verantwoordelikheid om toe te sien dat die gemeente haar verbondsverantwoordelikheid nakom, dat die gemeente sorg dra vir die kinders. Dat die gemeente die kinders bedien, hulle volledig deel maak van die gemeentelike lewe en na hulle behoeftes omsien. Dat ons hulle so bedien dat hulle nie na belydenisaflegging die kerk verlaat nie, maar steeds met ywer en liefde die Here hier kan dien. **Elke lidmaat se lewe moet ŉ voorbeeld vir die kinders wees.**

Dit blyk uit Salomo se woorde. Hy sê: my pa en ma het my geleer hoe om die Here te dien. Ek was ook eenmaal ŉ kind en my ouers het my geleer en nou het ek die verantwoordelikheid om my kinders te leer hoe om die Here te dien.

Ons het gelees hoe Dawid vir Salomo geroep het en vir hom gesê het: dien die Here getrou en jy sal voorspoedig wees. En nou moet Salomo sy kinders leer. So word ons geloof van geslag tot geslag oorgedra.
Liewe kinders, julle word ook groot, eendag gaan julle ook kinders hê en julle sal julle kinders weer moet leer hoe om die Here te dien. Dit is die kern van die belofte wat Tiaan en Marietjie by die doop van hulle baba afgelê het met die doop.

Geliefdes, ons moet egter baie mooi **verstaan wat hierdie proses van onderrig beteken**. Jy kan jou kind baie dinge leer, jou kind kan die hele Bybel ken, maar God steeds nie dien nie. Hoekom? Kennis kan oorgedra word – **maar geloof moet voorgeleef word – jou kind sal alleen in God glo as hy sien dat jy in God glo.** Hulle sal alleen op **God vertrou** as hulle sien dat jy bid en vertrou dat God jou moet help en lei.

Kan ek dus as ouer tevrede voel as ek my kind kerk toe bring, katkisasie toe bring en sorg dat hy in ŉ goeie skool is? Nee. , **jy as ouer moet die voorbeeld stel, jou dade en nie jou woorde, moet jou kind oortuig dat God bestaan en dat Hy ons Vader in die hemel is**. Dan leer jy jou kind wysheid – jy leer hom om sy kennis van God toe te pas in sy eie lewe- dit is die lewenswysheid waarvan Salomo praat.

Salomo praat tot 5 keer in ons teks van hierdie geloofsopvoeding wat vir jou en jou kinders die "**ware lewe" skenk**. Wat is hierdie "ware lewe" of die "vol lewe" van vers 23?
Brs en srs, God het ons die ware lewe in Jesus Christus geskenk. Daar is lewe en lewe. ŉ Sinlose en ŉ ware lewe. Alleen Christus, die Wysheid van God, kan jou die ware lewe gee. Hy het ons kom leer hoe ons God kan ken en dien en liefhê! Hy verander jou lewe deur jou saam te neem op die oorwinningspad van geloof! Hy skenk aan ons geloof deur die Heilige Gees en Hy leer jou wat ware lewe beteken deur Hom te dien en vir Hom te leef.

Sonder geloof in Christus en 'n lewende verhouding met Christus beteken hierdie lewe niks. Jy kan jou kinders die beste opvoeding en kennis gee wat daar is. Jy kan hulle blootstel aan al die mooi en goeie dinge van akademie, sport, kultuur en prestasies maar sonder Christus beteken al hierdie dinge niks – weet hulle nog niks! Jy kan aan jou kinders die grootste en rykste testamente nalaat wat jy kan, maar sonder geloof in God deur Jesus Christus het jy hulle niks nagelaat nie. Is hulle arm en eintlik is hulle **dood – al lewe hulle.**

Onthou jy wat bid ons met die gebed in die doopsformulier? Dat die dopeling "hierdie lewe – wat tog niks anders as ŉ voortdurende sterwe is nie - deur u getroos kan verlaat en sonder verskrikking op die laaste dag voor die Regterstoel van God kan verskyn" . **Geliefdes, dit is die realiteit van ons bestaan: van die dag van ons geboorte af begin**

ons alreeds doodgaan, word ons voorberei vir ons lewende ontmoeting met God. Geliefdes ouers: ware wysheid, die ware lewe kan ek my kind alleen gee as ek aan hom of haar die geloof so oorgedra het dat hy of sy sonder vrees of verskrikking voor God se regterstoel kan verskyn. Dit is die ware lewe! Die troos is Christus en wat Hy vir ons bewerk het!

Geliefdes, hierdie lewe gaan so gou verby! **Is my en jou kinders gereed om voor die Here te staan en hulle geloof in Hom te bely sonder vrees en met groot blydskap?**

Liewe kinders, tieners en jongmense
Die Here praat ook vanoggend ernstig met julle. **Julle hemelse Pappa sê vanmore vir julle: luister na die wysheid wat jou ouers jou leer.** Wees leergierig, luister na hulle raad, na hulle vermaning en bemoediging – want dit leer jou om soos ʼn kind van God te lewe.

Onthou nou, pappa en mamma **is nie volmaak nie** – en daarom moet ons ook hulle foute vergewe. Daar is maar **een volmaakte – Jesus , ons Here, en Hy ons geleer dat ons aan ons ouers gehoorsaam moet wees en hulle moet volg in dit wat reg is.** As ons ouers nie reg optree nie – moet ons nog steeds gehoorsaam wees aan ons Hemelse Vader.

Liewe kinders en jongmense: julle moet ook gewillig wees om die Here te dien! Jesus was ook ‘n kind. Hy moes ook leer. Hy moes skooltoe gaan, Hy moes katkisasie toe gaan en Hy moes dele van die Ou Testament uit sy kop uit ken! En Jesus het dit gedoen. Op 12 jarige ouderdom lees ons was Hy by die erediens en in die tempel en het hy sy hemelse pa gedien! So ook julle: in julle ouerhuis, by die skool en ook hier in die kerk. Julle is net so deel van die kerk as die volwassenes en hier moet julle ook dien en betrokke wees.

Geliefdes, God is ons Vader en deur Christus is ons sy kinders. Kom ons luister dan vanoggend na die ware wysheid wat ons Vader ons leer – dan sal ons ons kinders kan leer, en sal ons kinders weer hulle kinders kan leer**. Hoe gaan jou kinders eendag hulle kinders opvoed? Soos jy hulle opgevoed het – want dit is al wat hulle ken.**

Skep ʼn atmosfeer van liefde, begrip en respek. Daardie **intieme verhouding waarvan Salomo hier praat as hy sê: “ek was ook eenmaal ʼn kind , my moeder se oogappel**.” **Leef naby aan jou kinders** sodat jy begrip het vir jou kinders en hulle probleme. Hulle is tog vir jou ook net so kosbaar! Lei hulle in ʼn atmosfeer van liefde, begrip en respek en wys hulle wat ware lewenswysheid is: hoe jy die Here dien!

En **spandeer tyd saam met jou kinders.**
Brs. en srs – tyd saam met ons kinders..... Ons kinders is die geslag van die afgelaaide kind – ons laai hulle af.....by die dagmoeder, by die kleuterskool, by die skool, ens. Dit is die realiteit! Maar geliefde, ouers, maak tyd om jou kinders die wysheid van die God te leer, want hierdie lewe gaan gou verby en voor jy jou oë uitvee is jou tyd met hulle verby.

Navorsing het bewys dat die meeste mense tot geloof voor die ouderdom van 15 jaar! Geloof word vasgelê in die vroeë lewensjare tot by 7 jaar, daarna vorm jy dit tot so ongeveer 12 jr. en dan toets jou kind tot hy of sy dit deur die leiding van die Gees self uitleef! 15 Jaar! Dit is die tyd wat God jou gee om aan jou kind die ware lewe te gee. Daarna word dit al hoe moeiliker om iemand na die Here toe te lei.

Liewe ouer: langs jou sit vanoggend geestelike honger kinders. Kinders wat soek na leiding, wat wil weet hoe om die ware lewe te leef te midde van ŉ wêreld wat al hoe vreemder en anders lyk as toe ons ouers ons die ware wysheid geleer het.

Kinders en jongmense wat toegerus moet wees met kennis van die Here en Kennis van die Woord. Ons kinders moet die Bybel ken – want dit is in die Bybel wat God Hom aan ons openbaar!
Dit is in die Bybel wat hulle Jesus as Verlosser moet leer ken en by jou moet leer hoe om Hom lief te hê en Hom te dien! Want om die Here te dien – dit is ware wysheid! Wat by my en jou moet sien hoe om hierdie kennis toe te pas in die huis, in die huwelik, in die lewe daar buite, in jou werk, hoe jy sport beoefen en hoe jy jou kar bestuur.

Daarom geliefde ouer: In Christus kry jou kind die ware lewe – lei hom of haar dan na Hom toe!

Amen